SAMESTELLING EN FUNKSIONERING VAN DIE VOORTREKKERS

SAMESTELLING EN FUNKSIONERING VAN DIE VOORTREKKERS

Doel

- Om te verstaan hoe Die Voortrekkers werk
- Om te weet hoe jy en ander lede inpas in Die Voortrekkers

Uitkoms

- Wanneer jy hoor van of iemand ontmoet wat 'n spesifieke rangkenteken dra, moet jy weet wat die persoon se doel en pligte in Die Voortrekkers is
- Wanneer jy in Voortrekkerliteratuur lees van iemand met 'n sekere titel moet jy kan verduidelik wat die rol en pligte van daardie persoon is
- Wanneer jy lees of hoor van die strukture (vergaderings, besture, ens.) van Die Voortrekkers moet jy weet wat die doel en rol daarvan is

Doenwenke

- Hoe om dit maklik te leer:
- Lees net eers die struktuur soos dit in die handleiding staan sonder om te leer
- Lees dit soveel keer as wat jy nodig het om net eers vertroud te raak met die woorde
- Hierna kan jy dit uit jou kop probeer leer

Slaggate

- Om nie die rangstruktuur van Die Voortrekkers te ken nie
- As jy 'n negatiewe houding teenoor die rangstruktuur van Die Voortrekkers het

Die Voortrekkers is 'n organisasie wat verteenwoordigend is van al sy lede. Daarmee bedoel ons dat elke lid sy stem kan laat hoor deur die strukture wat daargestel is binne Die Voortrekkers.

Gedurende jou Penkop/Drawwertjie loopbaan het jy reeds vlugtig kennis gemaak met die verskillende vlakke van bestuur binne Die Voortrekkers. As Verkenner gaan jy nou in diepte na elke vlak kyk sodat jy presies kan verstaan hoe en waar jy jou stem kan laat hoor.

Een belangrike aspek wat jy altyd moet onthou, is dat Die Voortrekkers funksioneer binne 'n tweelyn-rangstruktuur. Wat word met tweelyn-rangstruktuur bedoel? In alle posisies is daar net 'n leier en 'n adjunkleier.

Kyk hoe elke bestuur werk en jy sal verstaan wat bedoel word.

Vir eers gaan ons die verskillende vlakke van bestuur afsonderlik behandel en daarna 'n organogram vir jou gee waar jy die volle prentjie sal kan sien.

Die hoogste gesag in Die Voortrekkers is:

KONGRES

Die kongres vergader minstens elke vier jaar. Verteenwoordiging op die kongres word bepaal deur Die Voortrekkers se reglemente.

Wanneer die kongres nie in sitting is, word die magte en pligte binne Die Voortrekkers oorgedra aan :

HOOFBESTUUR

Die Hoofbestuur vergader so dikwels as wat nodig is maar minstens een [1] keer per jaar. Verteenwoordiging op die Hoofbestuur word bepaal deur Die Voortrekkers se reglemente.
Elke Gebied wat binne Die Voortrekkers geregistreer is het verteenwoordiging op die Hoofbestuur ooreenkomstig die bepaling in die reglemente van Die Voortrekkers. Die Staatmakers het ook verteenwoordiging op die Hoofbestuur soos bepaal in die betrokke reglement.

Wanneer die Hoofbestuur nie in sitting is nie word die magte en pligte binne Die Voortrekkers oorgedra aan:

HOOFDAGBESTUUR

Die Hoofdagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is maar ten minste een [1] keer per kwartaal.
Die Hoofdagbestuur bestaan uit:

- Die Hoofleier wat op die kongres verkies word
- Die Adjunk Hoofleier [Administrasie] wat deur 'n kieskollege verkies word
- Drie of meer Adjunk Hoofleiers soos deur die Hoofbestuur bepaal, verkies deur 'n kieskollege

'n Kieskollege = 'n groep mense wat aangewys is om te mag stem.

Die Hoofdagbestuur se dienstermyn is vier [4] jaar en strek van een kongres tot die volgende kongres.

Die Hoofbestuur verdeel Die Voortrekkers in die onderskeie gebiede om effektief te kan funksioneer.

Soos wat die kongres die hoogste gesag in Die Voortrekkers is, so is die hoogste gesag in elke gebied die:

GEBIEDSRAAD

Die Gebiedsraad vergader elke vier [4] jaar op 'n tyd en plek soos deur die Gebiedsbestuur bepaal.

Elke kommando/los veldkornetskap wat binne die betrokke gebied geregistreer is het verteenwoordiging op die gebiedsraad soos wat die reglemente van Die Voortrekkers voorskryf. Die twee [2] Gebiedsjeugleiers van die gebied het ook verteenwoordiging op die Gebiedsraad.
Wanneer die Gebiedsraad nie vergader nie, word die werk gedoen deur die:

GEBIEDSBESTUUR

Die Gebiedsbestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar ten minste een [1] keer per jaar.
Die Gebiedsbestuur bestaan uit:

- Die lede van die Gebiedsdagbestuur
- Die Oordleiers in die gebied [die Oordbestuur kan ook 'n Oordagbestuurslid nomineer as sekundus op die Gebiedsbestuur]
- Die Gebiedskakeldraer
- Die 2 Gebiedsjeugleiers van die betrokke gebied

Sekundus = 'n persoon wat aangewys word om in die plek van iemand anders 'n vergadering by te woon met alle regte.

Die Gebiedsbestuur se termyn is vier [4] jaar.

Wanneer die Gebiedsbestuur nie vergader nie, word die werk binne die betrokke gebied gedoen deur die:

GEBIEDSDAGBESTUUR

Die Gebiedsdagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar ten minste een [1] keer per kwartaal.
Die Gebiedsdagbestuur bestaan uit:

- Die Gebiedsleier
- Die Adjunkgebiedsleier [Administrasie]
- Twee of meer Adjunkgebiedsleiers

Die dienstermyn van die Gebiedsdagbestuur is vier [4] jaar en strek oor dieselfde tyd as dié van die Gebiedsbestuur.

Die Gebiedsbestuur groepeer al die kommando's en veldkornetskappe in die gebied in oorde om goed te kan funksioneer.

Die kommando's en veldkornetskappe binne die oord val dan onder die:

OORDBESTUUR

Die Oordbestuur vergader minstens een [1] keer per jaar.
Die Oordbestuur bestaan uit:

- Die lede van die Oorddagbestuur
- Kommandoleiers in die oord
- Veldkornette of hoofgroepleiers van los veldkornetskappe in die oord
- Oordjeugraadsverteenwoordiger

Wanneer die Oordbestuur nie vergader nie, word die werk gedoen deur die:

OORDDAGBESTUUR

Die Oorddagbestuur vergader ten minste een [1] keer per kwartaal.
Die Oorddagbestuur bestaan uit:

- Die Oordleier
- Die Adjunkoordleier [Administrasie]
- 'n bykomende Adjunkoordleier

Die dienstermyn van die Oorddagbestuur is vier [4] jaar en strek oor dieselfde tyd as die van die Oordbestuur.

Die hoogste gesag in 'n kommando is die:

JAARVERGADERING

Elke kommando moet ten minste een [1] Jaarvergadering hou per jaar.
Die Jaarvergadering bestaan uit:

- Die Kommandodagbestuur
- Die Offisiereraad
- Ouers van jeuglede
- Ander belanghebbendes in die gemeenskap

Wanneer die Jaarvergadering nie vergader nie, word die werk gedoen deur die:

KOMMANDOBESTUUR

Die Kommandobestuur is die gesagsliggaam van 'n kommando wat verantwoordelik is vir die ordelike verloop en bestuur van alle sake binne die kommando. Die Kommandobestuur vergader minstens een [1] keer per kwartaal.
Die Kommandobestuur bestaan uit:

- Die Kommandodagbestuur
- Die Offisiereraad
- Die verkose Heemraadslede
- Die Hoofgroepleier en Groepleiers van die Staatmakers [indien die kommando Staatmakers het]
- Die Kommandojeugleiers

Wanneer die Kommandobestuur nie vergader nie, word die werk gedoen deur die:

KOMMANDODAGBESTUUR

Die Kommandodagbestuur hanteer en bestuur die betrokke kommando se sake.
Die Kommandodagbestuur bestaan uit:

- Die Kommandoleier
- Die Adjunkkommandoleier [Administrasie]
- Die Adjunkkommandoleier [Finansies] indien nodig
- Een of meer Adjunkkommandoleiers volgens die kommando se behoefte

Die dienstermyn van die Kommandodagbestuur is twee [2] jaar en val saam met die dienstermyn van die Kommandobestuur.

Volwassenes in die kommando funskioneer as Offisiere, Heemraadslede of Staatmakers.

Jeuglede binne kommando's word verdeel in verskillende veldkornetskappe [Penkopveldkornetskap, Drawwertjieveldkornetskap, Verkennerseunsveldkornetskap en Verkennerdogtersveldkornetskap]

Elke veldkornetskap bestaan uit 'n aantal spanne.

Elke span het 'n spanoffisier. Elke span het ook 'n spanleier en adjunkspanleier.

Dit is nou behoorlik 'n mondvol gesê.

Opsomming van die samestelling van Die Voortrekkers

VLAK	POSISIE	RANGKENTEKENS
Nasionaal	Hoofleier	3 goue gekruisde fakkels
	Adjunk Hoofleiers	2 goue gekruisde fakkels
Gebied	Gebiedsleier	3 silwer wiele 
	Adjunkgebiedsleiers	2 silwer wiele 
	Gebiedsjeugleiers	3 kruithorings met silwer omboorsel
	Adjunkgebiedsjeugleiers	2 kruithorings met silwer omboorsel
Oord	Oordleier	3 rooi kompasse

	Adjunkoordleiers	2 rooi kompasse
		
	Streekleier/Gebiedskampleier	1 rooi kompas
Kommando	Kommandoleier	3 blou kompasse
	Adjunkkommandoleiers	2 blou kompasse
		
	Veldkornette	3 groen kompasse
	Kommandopredikant	3 groen kompasse
	Kommandodokter	3 groen kompasse
	Adjudant/Offisier	2 groen kompasse
		
Verkennerraad	Kommandojeugleiers	3 kruithorings

	Spanleiers	2 kruithorings 
	Adjunkspanleiers	1 kruithoring
Staatmakers	Hoofskakeldraer	2 silwer wiele 
	Gebiedskakeldraer	3 rooi kompasse
	Adjunkgebiedskakeldraer	2 rooi kompasse 
	Hoofgroepleier	3 groen kompasse
	Groepleier	2 groen kompasse 
	Adjunkgroepleier	1 groen kompas

Jeugleiers

Jeugleiers speel 'n belangrike rol in Die Voortrekkers. Juis daarom het jeugleiers verteenwoordiging in alle besture binne Die Voortrekkers. In kort kom dit daarop neer dat jy as Verkenner 'n direkte skakeling het vanaf jou span tot op nasionale vlak in die vorm van jeugleiers wat jou verteenwoordig.

Kom ons gaan kyk gou wat is die verskillende vlakke van verteenwoordiging wat jeugleiers beklee binne Die Voortrekkers.

Soos jy sekerlik bewus is, word daar elke jaar 'n spanleier en adjunkspanleier in jou span verkies. Dit is uiters belangrik dat hierdie twee leiers met groot verantwoordelikheid kan optree aangesien dit jou eerste stap tot verteenwoordiging binne Die Voortrekkers is. Hulle verteenwoordig julle span by die kommando se Verkennerraad. Die Verkennerraad se doel is om die Verkenners se belange by die Kommandobestuur te behartig. Hulle het ook deel aan besluite in die Kommando se bestuur.

Jou kommando moet elke jaar Kommandojeugleiers verkies uit die graad 10- of 11-Verkenners. Hierdie Kommandojeugleiers [een vir seuns en een vir dogters] het volle verteenwoordiging in jou kommando se Kommandobestuur. Jy en jou span kan dus direkte kommunikasie bewerkstellig na julle kommandobestuur d.m.v. die leiers in jou span.

NB - Neem kennis dat dit nie net die Kommandojeugleiers van 'n kommando is wat genomineer mag word vir Gebied sjeugleier nie. Enige geregistreerde senior Verkenner [gr 10 tot gr 12] mag genomineer word.

Elke gebied in Die Voortrekkers verkies jaarliks Gebiedsjeugleiers [Dit vind gewoonlik in jou graad 11-jaar plaas]. Daar word gewoonlik ses [6] Gebiedsjeugleiers verkies [2 Gebiedsjeugleiers en 4 Adjunkgebiedsjeugleiers] wat verantwoordelikheid neem vir die Gebiedsjeugraad.

Die Gebiedsjeugraad bestaan uit die verkose Gebiedsjeugleiers, en die Kommandojeugleiers.

Die twee [2] Gebiedsjeugleiers het ook volle verteenwoordiging in die Gebiedsbestuur. Slegs 2 Gebiedsjeugleier het stemming.

Die twee [2] Gebiedsjeugleiers van elke gebied in Die Voortrekkers dien almal in die Nasionale Jeugraad in raadgewende hoedanigheid vir die Hoofleier veral t.o.v. Jeugsake.

Soos jy nou deeglik bewus is, rus daar groot verantwoordelikheid op elke jeugleier in die verskillende vlakke van verteenwoordiging en dit is uiters belangrik dat elkeen sy regmatige deel bydra.
Volwasse leiers [Offisiere, Heemraadslede, Staatmakers en Jeugvriende]

Volwasseleiers kan in vier groepe verdeel word:

- Offisiere / Adjudante
- Heemraadslede
- Staatmakers
- Jeugvriende

Offisiere

Hulle is volwasse lede wat direk met jeuglede, veral binne spanverband, werk. Offisiere dra voorgeskrewe Voortrekkerdrag. Hulle het ook, net soos P/D's en Verkenners, 'n belofte afgelê.

Heemraadslede

Hulle is volwasse lede wat die offisier van 'n span bystaan in die uitvoering van sy/haar pligte. Heemraadslede is ook veral verantwoordelik vir en betrokke by fondsinsamelingsgeleenthede vir die kommando. Hulle het nie voorgeskrewe Voortrekkerdrag nie. Heemraadslede kan ook Aktiewe Voortrekkerdrag dra. Hulle het ook, net soos Offisiere, P/D's en Verkenners, 'n belofte afgelê.

Staatmakers

Hulle is jong volwassenes wat nie noodwendig die volle verantwoordelikhede van offisiere of heemraadslede hoef te dra nie, omdat hulle nog studeer of pas begin werk het. Staatmakers kan baie vir kommando's of kampe beteken. Hulle dra ook voorgeskrewe Voortrekkerdrag. Staatmakers het ook, net soos Offisiere, Heemraadslede, PD's en Verkenners, 'n belofte afgelê.

Jeugvriende

Jeugvriende is nie ingeskrewe Voortrekkers nie. Hulle is vriende van Die Voortrekkers wat op 'n verskeidenheid van maniere kan bydra tot die sukses van 'n span, kommando, oord of gebied. Jeugvriende het nie 'n belofte afgelê nie. Hulle dra nie Voortrekkerdrag nie en het ook nie formele pligte in Die Voortrekkers nie.